kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandnel@iafrica.com

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Woorddiens

Tema: "Armageddon"

Skriflesing: Lukas 21:5-38

Broodjies vir die pad

Your vision will become clear only when you can look into your own heart. Who looks outside, dreams; who looks inside, awakes. (Carl Jung)

◆◆◆

Geheelbeeld

breekgoed breek goed
mensdom is dom
van verveel is daar veel
en geld geld

en tog
is die geheel
deur Hom
geheel en al
geheel

Jemima Meyer

◆◆◆

The Beggar

He stands next to the car
At the robots.
By now I know to avert my eyes
So that he does not implore.
So that I don't have to
look into a forlorn face.
A face filled with hunger and regret.
A face so surprisingly hard to forget.
His eyes betray his life
His wrinkles are his stamp from time
His lips mouth the word "Please".
Over and over again.
We count the seconds
until green means go
So that he is, out of sight
So that he can be, out of mind.
That beseeching beggar
His hopeless homelessness.
Even if I don't see him.
I still see him.

Sundeeka Mungroo

◆◆◆

One of the things that all religions have is a narrative of doomsday. There has to be some kind of overarching fear of the future. If there wasn't, none of the religions could invoke this important thing - that science has no evidence of, by the way - called free will. (Greg Graffin)

Why are we in this mess, now facing the prospect of economic armageddon? It's because the prevailing characteristic has been greed, and it doesn't matter whether it's individuals living beyond their means or governments living beyond their means or people seeking to get rich quick. (Jeremy Paxman)

After the 9/11 apocalypse happened in New York City, people, particularly New Yorkers, who breathed in the ash, or saw the results of that, have a tendency to keep seeing echoes and having flashbacks to it. (Stephen King)

In all chaos there is a cosmos, in all disorder a secret order. (Carl Jung)

The meeting of two personalities is like the contact of two chemical substances: if there is any reaction, both are transformed. (Carl Jung)

◆◆◆

Wayde se grootste toets lê nou voor

Gielie Hoffmann

Dis min dat 'n ganse volk 'n Maandag met 'n groot glimlag begin.

Vir 'n oomblik is daar geen gesprekke oor koalisies nie. Want hierdie is ons oomblik: Wayde van Niekerk wen die mans se 400 m by die Olimpiese Spele in 'n nuwe wêreldrekordtyd.

Namate die nuus, foto's en video's op sosiale media versprei, is daar een beeld wat die heeltyd wys: Mense wat lag.

Tannie Ans Botha, Wayde se jarelange afrigter van Bloemfontein, wat oopmond en met oorgawe lag in die pawiljoen toe sy tyd bekendgemaak word. Usain Bolt wat die wêreld se media laat wag om Wayde te gaan gelukwens – glimlaggend. Wayde wat met 'n Colgate-glimlag by die tydbord staan wat sy tyd wys: 43.03.

En ons, jubelende Suid-Afrikaners wat onsself herken in al hierdie glimlagte, die glimlag wat sê dis wel moontlik, hierdie droom van 'n reënboognasie wat soms te ver begin voel; ons, wat in ons eie lewens soms stoom verloor en voel daar is nie nog 'n druppel oor in die tenk nie. Ons almal sien dat dit tóg nog gebeur dat die goeie, gawe ouens wen.

Want niemand is gawer as Wayde nie. Wayde van Bloemfontein wat by Kovsies studeer, Wayde wat vroeër vanjaar R500 000 geskenk het vir die Newborns Groote Schuur Trust om babas te help wat te vroeg gebore is. Omdat hyself 23 jaar gelede te vroeg gebore is. Toe sy ma 29 weke swanger was, het Wayde, skaars een kilogram, sy opwagting in die einste Groote Schuur gemaak.

Verlede jaar het Wayde die Olimpiese swemkampioen Ryk Neethling by ’n lughawe liggies op die skouer getik, homself verleë voorgestel en gevra vir ’n foto saam met “die oom”. Want albei is oudleerders van Grey College in Bloemfontein.

En nou is albei die wenners van goue Olimpiese medaljes.

In ’n tyd wat dit byna standaard is dat sporthelde sinomien is met skandale is dit verfrissend om iemand te hê wat al die aanhang waardig is. En as ek kyk na die mense wat Wayde omring, glo ek dit gaan so bly. Sy binnekring sal hom beskerm teen die aanslae wat onvermydelik oor sy pad sal kom.

Natuurlik het Wayde verlede jaar in Beijing ’n huishoudelike naam geword toe hy die Wêreldkampioenskappe in China gewen het in die vierde vinnigste tyd in die geskiedenis. En daarna flou geval het anderkant die wenstreep.

Vroeër vanjaar het hy die eerste atleet in die geskiedenis geword wat die 100 m binne 10 sekondes, die 200 m binne 20 sekondes en die 400 m binne 44 sekondes kon voltooi. Al dié sukses bring druk en verwagtinge.

Dat hy vanoggend, op die grootste verhoog wat daar in sport is, al daardie verwagtinge kon oortref, sê iets van die kaliber mens en atleet waarmee ons hier te doen het.

Ons volk is al baie teleurgestel deur spanne en sportsterre wat nie die finale hekkie kon oorkom nie. Nou is Wayde besig om daardie storie te herskryf.

Ek glo die beste lê nog vir Wayde voor. Mans in hul vroeë 30’s hardloop in sy item. Hy het die potensiaal om deur 43 sekondes te breek en nog meer titels in te palm.

Maar hoe hy dit gaan doen en hoe hy die sukses gaan hanteer, is sy grootste toets en kan potensieel sy grootste nalatenskap wees.

Harde werk, opoffering, integriteit, nederigheid en selfdissipline is woorde wat weer deel van die nasionale dialoog gaan word, en ver buite die sportomgewing soos ’n veldbrand gaan versprei. Dis tyd.

** Gielie Hoffmann is ’n geestesbreier wat werk met sportmanne, leiers en entrepreneurs.*

http://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/gielie-hoffmann-wayde-se-grootste-toets-le-nou-voor-20160815#

◆◆◆

Great talents are the most lovely and often the most dangerous fruits on the tree of humanity. They hang upon the most slender twigs that are easily snapped off. (Carl Jung)

Brood vir die pad

Oor snaaks, raar en vreemd – tot ook by ‘wow’!

Dirkie Smit

Hy vertel nogal snaakse stories. Hy begin met een oor ’n neuropsigoloog wat op televisie vertel waarom die brein hom so fassineer. Dis vanweë die wonderbare manier waarop dié in-mekaarsteek, sodat ons dankbaar kan wees, só begin hy, maar onderbreek homself dan. Ná effense huiwering korrigeer hy homself, nou ja, die woord dankbaar is ’n bietjie raar, hy bedoel eintlik net dis pragtig hoe die brein werk.

Snaaks.

Dankbaar het inderdaad vir talle ’n rare woord geword, vreemd, seldsaam, iets wat vele skaars nog ken, gebruik of verstaan.

Dankbaar veronderstel immers iemand, ’n ánder, téénoor wie ons dankbaar voel. Dit veronderstel dat iets aan ons gegéé is, al klaar ’n vreemde gedagte, want deur wie dan? Wat ons het is tog verdiend, of so nie natuurlik en normaal, selfs ons rég om op te eis? Dié soort storie laat Paul van Tongeren dan vra – in *Dankbaar – Denken over danken na de dood van God* – of ons wel nog dank kán ervaar – by geboortes, die heelal se grootsheid, die brein se subtiele werkinge, ons gesondheid en dié van geliefdes, die gelukkige verloop van ’n lewe, die vind van ware vriendskap, enigiets góéds?

Sy stories herinner aan die skrywer Anne Lamott se *Help, Thanks, Wow – The Three Essential Prayers*.

Daar is drie spontane gebede, sê sy, die derde van dié is ervaringe van *wow*. Ervaringe wat ons eenvoudig oorweldig, verbluf, ontroer, bewéég. Wat ons *wow* laat sê – dalk uitroep, dalk fluister, dalk net dink, selfs net diep binne vóél.

As ons insien dat die normale nié so normaal, die vanselfsprekende so vanselfsprekend, die gewone so doodgewoon is nie. As ons aanvoel dat die alledaagse die ewige herberg, die bekende die misterie, die roetine die verruklike. *Wows* kom in alle moontlike vorme, sê sy, en élk is ’n gebed.

Dié storie herinner weer aan wat die Deense skrywer Søren Kierkegaard op 9 Junie 1850 in sy dagboek skryf, oor humor.

Hy sê (baie sterk aangepas) dat dit nogal snaaks sou wees om vir God te sê: Soos U weet, is dit deesdae nie meer ons gewoonte om dankbaar te wees nie, want ons glo nie eintlik meer enigiets word aan ons gegee nie, ons aanvaar dit kom ons toe en dis alles vanselfsprekend.

Soms is iets egter só wonderbaar dat ons nie kan help om *wow* te voel nie. In sulke gevalle kan U maar elkeen van ons *wows* as ’n gebed van verwondering neem, al erken ons dit nie self nie.

Wat so snaaks is, skryf hy, is die “soos U weet”.

http://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/djs-oor-snaaks-raar-en-vreemd-tot-ook-by-wow-20160813

◆◆◆

The Christian missionary may preach the gospel to the poor naked heathen, but the spiritual heathen who populate Europe have as yet heard nothing of Christianity. (Carl Jung)

◆◆◆

Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.
Ubi caritas, et amor
ubi caritas, Deus ibi est.

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877